Tsumeb Uithourit Klub

POSBUS 33 TSUMEB
Tel& Fax: (067) 221077
SEL NO: 0811299119

Graag nooi ons almal uit na ons rit wat op Twyfelspoort & Die End gehou sal word op Saterdag, 24 Julie 2010. Dit is ‘n mooi baan, met **baie** sand, pragtige natuurskoon, ‘n lekker plaasatmosfeer, perdekampies, kampeerplekke, toilette, storte, ens. Dis net die regte plek en geleentheid om daardie perde reg te kry en te toets vir Walvisbaai.

ROETE
Ry tot op Grootfontein
Volg dan die Rundu pad Noord vir 109 kilometer.
Draai links op die 3016 pad. Dit is ‘n groot gruispad met ‘n groot duidelike padbord gemerk 3016.
Volg die pad vir 10 kilometer en Twyfelspoort lê dan aan die regterkant

PROGRAM
Vrydag 23 Julie
15:00 – Inskrywings
16:00 – Veeartsondersoeke
18:00 – Roetebespreking

Saterdag 24 Julie
06:00 – Eerste Ruiters vertrek (Kan aangepas word ten einde bottelnekke by die veeartspunt te vermy)
18:00 – Prysuitdeling
19:00 – Heerlike saamkuier met ete. Bring eie eetgerei, stoele en drinkgoed.

ALGEMEEN
1. Nera reels sal geld vir ‘n Oop Hek rit.
2. Daar sal 30, 60, 80 en 100km gery kan word.
3. Perde moet ‘n minimum van 5 jaar oud wees om in alle afstande te kompeteer.
4. Kinderruiters – kinderruiters word toegelaat om alleen te ry in die jaar wat hul 12 jr word.
5. In die jaar wat ‘n kinderruiter 14 – 21 jaar word – Jongruiter
6. ‘n Ruiter kan wanneer hy/sy 14 jr word, besluit of hy/sy wil inskryf vir die Jongruiter kategorie of as Senior.
7. Vanaf 21 jaar – Senior.
8. Vanaf 95kg – Swaargewig.
9. Senior ruiters wie 40 km of verder ry, moet 70kg inweeg, met ry.
10. Net 14 perdekampies is beskikbaar, bring dus liefs u eie kampie saam. Daar is ook ‘n paar groot krale beskikbaar vir perde wat kan saam loop, maar u moet dit so met Piet Nel reel by 067 232312.
11. Ruiters vertrek vanaf Twyfelspoort en nie vanaf Die End soos in die verlede nie. Dit is geleë op dieselfde pad as Chris Louw, net die volgende plaas.
12. By aankoms moet u asb. by Piet Nel rapporteer, wat u sal help met die aanwys van perdekampies, krale en kampeerplek.
13. Ruiter-en perdepaspoorte, ingevul asb. Maak seker dat u perdepaspoort korrek en op datum is en dat die Identiteit korrek deur ‘n veearts voltooi is. Indien nie, reel asb. persoonlik

vroegtydig met Dr. Ulrike Menne om dit dan by die rit te doen. Perdespuite moet korrek wees in terme van die FEI voorskrifte. Indien nie, sal u nie mag ry nie.

14. Laat weet my asb. so spoedig moontlik of u kom ry of indien u enige navrae het.
15. Inskrywingsgeld is **N$200-00** per ruiter vir alle afstande.
16. Daar sal geen verversings te koop wees nie.
17. Alle ruiters wat trofeë het wat hulle by die vorige rit ontvang het, moet dit asb. saambring.

18. Ons sal weer eens die tradisie voortsit met ons ete Saterdagaand. Mellie gaan weer vir ons daardie heerlike Afval Kerriepot maak. Dit het nou al ‘n instelling geword by Twyfelspoort en glo my, jy mis Mellie se Pot vir niks nie!!! Etes beloop **N$30-00** per volwassene en **N$15-00** per kind onder 12 jr. betaalbaar by Alet.

Vriendelike Uithouritgroete
Tsumeb Uithouritklub Komitee

Kallie Grünschloss
081 1299119

Tsumeb Uithourit Klub

POSBUS 33 TSUMEB
Tel& Fax: (067) 221077
SEL NO: 0811299119

We would like to invite everybody to our Endurance Ride which will be held at Twyfelspoort & Die End on Saturday, 24 July 2010. The course is lovely, with a lot of sand, beautiful nature, farm atmosphere, horse camps, camping sites, and ablution facilities. The right place and opportunity to prepare your horse for Walvis Bay.

PROGRAM

Friday 23 July
15:00 – Registration
16:00 – Veterinary Inspection
18:00 – Route briefing

Saturday 24 July
06:00 – First Riders depart (Time can be adapted to prevent bottleneck at vet)
18:00 – Prize giving
19:00 – Potjie. Bring own cutlery.

GENERAL

1. Nera rules for a Open Gate ride.
2. Distances are 30, 60, 80 en 100km .
3. Horse must be 5 yrs old to compete in every distance.
4. Child Riders – are allowed to ride alone from the year in which they turn 12 yrs..
5. Young Rider –during the year in which rider turns 14 – 21 yrs
6. When a rider turns 14 yrs, he/she may decide to compete as Young Rider or Senior Rider.
7. Senior rider – from 21 yrs.
8. Heavy Weight – 95 kg
9. Senior riders must weigh in 70 kg.
10. There are only 14 paddocks available – please bring own paddock. Larger paddocks are available for horses that can walk together. Please organize with Piet Nel at 067 232312.
11. Riders depart from Twyfelspoort and not from Die End . Twyfelspoor tis next to Die End.
12. Please report at Piet Nel at arrival. He will allocate paddocks and camping facilities.
13. Please complete horse passports. Ensure that the passport is up to date and that the identification is done by a vet. Horse vaccinations must be correct according to the FEI regulations. If not, a horse will not be able to compete.
14. Please inform me as soon as possible whether you will participate in the ride or if you need any further information.
15. Entry fees are **N$200-00** per rider for all distances.
16. There will be no refreshments for sale.
17. All riders which received trophies in January, must bring the trophies with to the ride.
18. An "Afval "pot as well as a lamb pot will be prepared by Mellie on Saturday evening **N$30-00** adult and **N$15-00** per child under the age of 12. Tickets available at Alet.

Friendly Endurance Greetings
Tsumeb Endurance Ride Club
Kallie Grünschloss 081 1299119